



# Dorothea-Nuus

- No. 3/2013 -

Nuusbrief van die **Dorothea-Sending** - 'n evangeliese geloofsending

Werksaam in: Suid-Afrika, Namibië, Zimbabwe, Zambië, Malawi en Mosambiek

('n Nie-winsgewende organisasie - reg. no. 039-294-NPO)

## *So stuur Ek julle*

Op Saterdag 14 September het 'n aantal vriende en voorbidders by ons aangesluit om die Dorothea-Sending se 71<sup>ste</sup> verjaardag te herdenk. Die Sending se Direkteur, Jacques Malan, het die verrigtinge gelei en begin met die volgende gedagte:

“Met hierdie geleentheid dink ek aan die woorde van die Here Jesus na Sy opstanding soos ons dit vind in Johannes 20:21: *'Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.'* Dit is groot woorde. Jesus het gepraat van Sy Vader wat Hom gestuur het. Hy was self 'n sendeling. Sy Vader het Hom gestuur om 'n groot werk te doen. Hy moes 'n heilige lewe leef op aarde, Sy dissipels oplei, Sy lewe gee aan 'n kruis vir die verlossing van ander en opstaan uit die dood.



*'Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook'* het Jesus gesê. Hierdie tweede fase gaan al baie lank aan. Hy het ons nog nie gestop nie; Hy het ons nog nie teruggekóm nie; Hy wil hê ons moet nog voortgaan! Die Here stuur steeds mense uit om Sy werk te doen. Hy kan selfs hierdie byeenkoms of die gebede wat sal opgaan as gevolg van hierdie geleentheid, gebruik om iemand te stuur.”

Soos gewoonlik is daar verslag gegee oor die werk in die verskillende velde waarvan sommige ook in hierdie nuusbrief weergegee word. Van die werkers en studente het die gehoor bedien met 'n uitdaggende lied wat vrylik vertaal kan word as:

*O, kinders van die Here, kyk hoe ver die nag gevorder het.  
Hoor die trompetgeskal... Sy koms is naby.  
Staan daarom vas in die geloof  
Met die wapenrusting van die Here terwyl jy altyd waak en bid....  
O, bruid van Christus, is jy gereed vir Sy koms...  
Werk totdat Hy kom... Bring hulle in van wyd en syd.*

Die gasspreker was Ds. Leigh Robinson van die *Rosebank Union Church*. Sy boodskap het gehandel oor 1 Tessalonisense 1:1-10 en kan soos volg opgesom word:

Paulus het hierdie brief aan die gemeente geskryf nadat hy 'n baie positiewe verslag van Timoteus ontvang het oor hulle geestelike toestand. Hierdie gedeelte lig die krag van die Evangelie uit. Ons vind die volgende hoofpunte:

1. **Die Evangelie het na hulle gekom:** deur mense, deur woorde, deur krag, deur die Heilige Gees, met volle oortuiging (vs 5) en deur Paulus en die ander se voorbeeld (vs. 6). Die Heilige Gees werk in harte en dit is waar die voorbidders 'n baie belangrike rol speel. Dit gebeur in antwoord op hulle gebede.
2. **Die Evangelie is deur hulle verwelkom:** (vs. 6 en 9-10). Die Tessalonisense het weggedraai van hul afgode en hulle tot God bekeer om Hom te dien terwyl hulle die wederkoms van Christus verwag. Ons kan dit nie doen in mense se lewens nie, maar God kan deur die krag van die Evangelie! Dit is ook die bewys dat hulle waarlik die Evangelie ontvang het.
3. **Die Evangelie het hulle verander:** (vs. 2 en 3). Paulus het gehoor dat daar geloof, liefde en hoop in hulle lewens was as 'n bewys.
4. **Die Evangelie is deur hulle verkondig:** (vs. 8-9). God kon hulle nou ook gebruik om die Evangelie uit te dra. Hierdie is die taak van die Dorothea-Sending sedert 1942 en ons is almal op een of ander manier deel daarvan. Mag die Here ons getrou hou.



Ons dank die Here vir Sy seën wat op die geleentheid gerus het en vir elkeen van ons vriende wat teenwoordig was. Ons weet hulle het ook diegene verteenwoordig wat te ver woon en vir wie dit weens praktiese redes nie moontlik was om dit by te woon nie. Sonder ons dierbare vriende sou ons, menslik gesproke, nie ver kon kom in die bediening waarin ons staan nie. Ons dank die Here vir hulle.

Die dae van gebed en lering wat op ons sendingstasie *Dorothea* gehou is, was ook baie geseënd.

Ons is jammer dat daar nie meer besoekers was wat die kosbare boodskappe wat Ds. Robinson gegee het, saam met ons kon geniet nie. Dit was vir die van ons wat hier was tot groot seën, uitdaging en bemoediging.

Vyf daarvan het gehandel oor verskillende insidente in die Evangelie van Johannes en twee oor prediking van die Evangelie. Die boodskappe is beskikbaar op CD teen R14 elk (posgeld uitgesluit). Kontak gerus ons kantoor in die verband.

## Uit die hart

God werk op verborge maniere. Per geleentheid het Jesus dit beskryf as 'n wind wat waai: "Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is" (Johannes 3:8). Op 'n ander keer het hy dit vergelyk met saad wat ontkiem en groei: "Met die koninkryk van God gaan dit só: Iemand saai die saad op die land en gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei - hóé weet hy self nie" (Markus 4:26-27). Ons weet nooit wat die gevolg sal wees as ons die woord van die Here met mense deel nie. Nadat ons ons deel gedoen het, kan ons net wag en sien.

Terwyl twee van ons straatwerk gedoen het op 'n Sondagmiddag in Boshof, het ons met John, Petrus, Lawrence en Elwyn gepraat. Na ons 'n bietjie gesels het, het ek 'n gedeelte uit die Bybel gelees en dit verduidelik en toegepas. John was rusteloos en het net gevra ons moet vir hulle bid en verder loop. Lawrence se reaksie was meer bemoedigend. Petrus was twissiek en het aanhoudend vrae gevra sonder om na die antwoorde te luister. Elwyn was stil en het min reaksie getoon. Hoe sou God werk in die harte van hierdie vier mans? Ons het geen idee gehad nie.

Die volgende dag, terwyl ek vir 'n bus gewag het wat 90 minute laat was, het Elwyn verbygekom. Hy het gesê dat my woorde van die vorige dag baie vir hom beteken het en hom tot nadenke gestem het. Hy het iets van sy geestelike nood met my gedeel en ek kon hom raad gee en vir hom bid. Dalk is hý die een in wie se hart God 'n groot werk sal doen.

In sommige gevalle het ons hard gewerk en geen resultate gesien nie. By 'n sekere plek het ons egter God se woord gedeel en getuig... en kon ons byna nie die oorweldigende reaksie hanteer van jong mense wat persoonlike hulp gevra het om hulle lewens aan die Here oor te gee nie. Die resultate is nie in ons hande nie. Dit is in God se hande en Hy werk op geheime maniere. Ek weet nie van jou nie, maar ek is angstig om uit te vind hoe dinge afgeloop het.... eendag in die Hemel. Daar is egter geen geheimenis oor ons aandeel nie. Dit is om te bid, die saad te saai en nog meer te bid terwyl ons die resultate aan Hom oorlaat - ongeag of dit gemiddeld of oorweldigend sal wees. Dit bly ons spesiale voorreg.

Met seënbede

Jacques

Jacques Malan

# Manne vergader rondom die Woord.

Van 8 tot 10 Augustus het ons 'n mannekamp gehou by ons kampterrein op *Dorothea*. Ons is dankbaar vir elkeen wat hulle weg oopgesien het om dit by te woon. Een van die werkers het soos volg getuig: “Die mannekamp was 'n hoogtepunt. Dwarsdeur die kamp was daar 'n ontvanklike atmosfeer. Daar was nuwe gelowiges sowel as volwasse Christene en dit het baie goed gewerk, veral in die besprekingsgroepe en in onderlinge gesprekke oor die Christelike lewe. Een van hulle het baie min geweet van die Bybel en christenskap en kon baie leer. 'n Ander, ouer en meer volwasse Christen het getuig dat hy uitgedaag is en 'n nuwe oorgawe gemaak het om waarlik 'n Christenman en -pa te wees by die huis.”

Ons dank die Here vir Sy seën en vir die voorreg om hierdie eerste kamp te hou nadat ons kampterrein opgegradeer is. Enige Christengroep wat die terrein wil gebruik, is welkom om ons kantoor te kontak.



## Waarom laat God dit toe?

Hospitaalbediening: Dit is vir my 'n voorreg om in die Steve Biko Akademiese Hospitaal (Pretoria) te werk. Elkeen van ons wat 'n roeping het, het die begeerte om “*in die dinge van my Vader (te) wees*” (Lukas 2:49). Baie van die mense wat ons bedien, word na ons verwys deur die personeel en ek bedien in intensiewe en gewone sale, die trauma-eenheid en soms ook by die klinieke vir buitepasiënte.

So was daar onlangs 'n man van 28 jaar wat kanker in sy gesig gehad het. Na 'n vorige operasie, was hy terug in die hospitaal omdat die kanker hervat het en hy verdere behandeling moes ontvang. Hy was baie moedeloos, in erge pyn en ongered. Hy het met God geworstel. Ek het hom besoek en hy het na my verwys as die “Bybel-dame”. Eers het hy gevra dat ek nie met hom oor die Here moet praat of vir hom moet bid nie. Ek het volgehou om hom te besoek en hy het tog vroeë gevra soos: “Waar is God?” en “Waarom laat God dit toe?” Daar het 'n dag gekom waarop hy gesê het: “Jy wou die Evangelie aan my verduidelik. Kan jy dit asseblief nou doen?” Hy het by die punt gekom waar hy die Here Jesus aangeneem het as sy Saligmaker. Die Here het ook gehelp dat sy familie, van wie hy vervreemd was, kort daarna kontak gemaak het.

Soms saai ons en soms maai ons, maar ons verlang dat God se naam ten alle tye verheerlik sal word.

## Nuwe lering tydens die maand van vas.

Malawi: By een dorpie, waar Islam nogal sterk is, het ons 'n uitreik gehou tydens Ramadan - die maand wat hulle vas. Dit was nogal moeilik omdat hulle ook heelwat aktiwiteite gehad het. Tog het daar van dié vroue in hulle kleredrag na ons dienste gekom. Een van hulle het vir ons gesê dat sy altyd nog net lering ontvang het in 'n taal wat sy nie kan verstaan nie, maar dat sy ons boodskappe goed kon verstaan en dit baie vir haar beteken het.

Tydens die uitreik by Baluti, het daar ook kerkloses en dronkaards na die dienste gekom. Vyf mense het hulle lewens aan die Here oorgegee en het sodoende vanuit die duisternis na die lig gekom.

## Leiers van sekte kry Christelike lering.

Alhoewel ons ons nooit doelbewus skaar by dwaalleringe en valse godsdienste om saam met hulle te werk nie, kry ons soms onverwagse uitnodigings. So het een van ons spanlede in Tete (Mosambiek) in Augustus 'n uitnodiging ontvang om lering te gee by 'n konferensie vir leiers van 'n bekende sekte. Hy het hierdie geleentheid benut en die eerste dag gefokus op die boodskap van saligheid deur Jesus Christus. Ses mense het na vore gekom om hulle lewens met die Here reg te maak en die Here Jesus as hul Saligmaker aan te neem.

## Die deure is steeds oop.

Ekonomies gaan dit maar baie moeilik in Zimbabwe. Die infrastruktuur is nie goed nie, misdaad neem toe en baie mense het die land verlaat en sodoende hulle vrouens en/of kinders agtergelaat. Die deure is egter steeds wyd oop om die Evangelie te versprei.

Ons span was genooi om boodskappe te gee by 'n nasionale Mannekonferensie. Die onderwerpe het ingesluit: *Nehe-mia, Wat is 'n ware man, Wat Christus vir ons gedoen het en Wat God nog steeds doen in die lewens van Christene*. Ons het ook gekyk na *Vergifnis en Meelewing*. Daar is baie vrae gevra en sommige van die predikante het gehelp om dit te beantwoord. Een man het later na ons gekom en gesê as hy hierdie lering vroeër geken het, sy huwelik beter sou gewees het. Die hele groep was bemoedig en ons is genooi vir volgende jaar se konferensie.

Alhoewel ons nie oral vrylik dienste kan hou nie en eers moet toestemming verkry by die plaaslike owerheid, kan ons die Woord verkondig in dorpe, stede en plattelandse gebiede. Die opkoms wissel van plek tot plek, maar daar is duidelik 'n geestelike honger.

Bid asseblief saam dat die deure oop sal bly en dat meer jongmense waarlik die Here sal soek en nie net moderne metodes van aanbidding sal nastreef nie.



Lering oor die Water van die Lewe

## *Ons sien hoe hulle groei.*

Die Dorothea-Sending het 'n Bybelkollege waar ons mense oplei as evangeliste. Alhoewel dit nie 'n pastorale opleiding is nie, staan verskeie van ons voormalige studente wel in gemeentelike bediening in sommige kerke.

Ons volledige kursus is drie jaar. Ons weet egter dat dit soms moeilik is vir mense om hulle gesinne vir drie jaar alleen te laat en daarom kan iemand ook net vir een jaar kom om die basiese toerusting te ontvang.



Ons dank die Here vir ons studente. Dit is vir ons 'n groot vreugde om te sien hoe hulle groei in hulle geloof en die manier waarop hulle die Skrif interpreter en preek - nie net van 'n kansel af nie, maar orals waar die Here openinge gee. Hulle is positief oor die lesings wat hulle ontvang en hulle getuïenisse van die Here se werking in hulle lewens is vir ons kosbaar.

Die studente word teologies en prakties toegerus. Gedurende naweke reik ons uit in 'n plaaslike hospitaal en in 'n woonbuurt. Twee maal per jaar hou

ons ook 'n uitreik van twee weke waar die personeel en studente voltyds hul kragte saamsnoer om mense te bereik met die boodskap van verlossing.

Hier by die Bybelkollege weet ons dat daar mense is wat vir ons bid. Baie dankie daarvoor. Gaan asseblief voort daarmee en vertrou die Here saam met ons dat meer arbeiders in Sy oesland sal uitgaan.



## *Ek het by my huis gehoor.*

In Zambië bestaan ons span se werk meestal uit bediening onder kinders en jeug. Hulle hou weekliks 'n aantal Bybelklubs vir kinders en sodoende word die Woord gereeld aan dieselfde groepe bedien. Sedert Maart het hulle 'n opening gekry by 'n sekere skool om twee maal per week 'n kort boodskap te gee. Na 'n rukkie het een van die meisies van daardie skool, Queen, by een van die Bybelklubs opgedaag. Nadat sy dit 'n aantal kere bygewoon het, het sy tot bekering gekom. So het die Here die opening by die skool gebruik om hierdie meisie se siel te red.

In Augustus het die span 'n uitreik gehou by Kampekete. Hulle het soos volg getuig: "Ons het die Here se seën ervaar. Tydens een diens het Rebekka by haar huis die boodskap oor die klankstelsel gehoor. Toe ons 'n uitnodiging maak vir mense wat verdere geestelike hulp verlang, het sy na ons gehardloop om hulp te kry om haar lewe met die Here reg te maak. Dit was vir ons 'n voorreg om haar te help om vrede te vind."

# Staatspresident hoor die Evangelie.

Chokwe (Mosambiek): By een plek waar ons gewerk het, het twee jong mans na die diens gekom. Hulle was onder die invloed van alkohol en was eintlik lastig omdat hulle lawaaiig was. Aan die einde van die diens het hulle aangedui dat hulle geestelike hulp verlang. Die volgende oggend was hulle weer daar - hierdie keer was hulle nugter en het hulle hul lewens aan die Here oorgegee. Hulle was deel van 'n wêreldse musiekgroep, maar nou sing hulle net vir die Here in kerke en dergelike byeenkomste.

In die vorige uitgawe van die *Dorothea-Nuus* is genoem dat die geweldige oorstromings wat vroeg in die jaar in die Chokwe-area plaasgevind het en duisende mense ontwrig het, deure geopen het vir die Evangelie. Regeringsamptenare het meer bewus geword van ons werk en ons dikwels gevra om tye van Skriflesing en gebed waar te neem. Baie mense is in daardie tyd bereik. Mense het wel verliese gely, maar ons verheug ons daarin dat meer mense nou op pad is na die Hemel.

Onlangs was daar 'n byeenkoms van die regering in die Gaza-provinsie waar die staatspresident opgetree het. Een van ons spanlede is deur die betrokke regeringsamptenare genader met die versoek om 'n boodskap uit die Bybel te gee voordat die president sou praat. Daar was duisende mense, o.a. talle belangrike persone in die regering. Na die preek het die president opgestaan en ons evangelis bedank met die woorde: "Baie dankie. Hou asseblief aan met hierdie werk. Nie net in hierdie omgewing nie, maar in die hele Mosambiek."



Mosambiek - dikwels groot gehore

Dit is ongelooflik dat die einde van 2013 alreeds voor die deur is. Graag wil ons al ons vriende en voorbidders 'n geseënde Christusfees en 2014 toebid. Baie dankie dat u hierdie jaar saam met ons gestaan het in die Here se diens. Mag u fokus steeds op ons Komende Here en Koning wees en mag u Sy genade en vrede van dag tot dag ervaar.

***"Soos die môreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal, om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om ons voetstaple te rig op die pad van vrede" (Luce 1:78b-79).***

*By die ingang van die Nuwe Jaar het 'n man gestaan.*

*"Gee my 'n lig, sodat ek die onbekende veilig kan betree" het ek hom gevra.*

*Hy het geantwoord: "Gaan uit in die donker*

*En plaas jou hand in die hand van God.*

*Dit is vir jou beter as 'n lig en veiliger as 'n bekende weg."*

*(Vrylik vertaal uit Engels)*



# Gebedsversoeke

Tydens die verjaardagbyeenkoms is daar 'n gebed gedoen vir spesiale behoeftes in die Dorothea-Sending. Ons gee graag die punte ook hier as gebedsversoeke:

- ♦ Dank die Here vir **elke geleentheid** wat ons spanne hierdie jaar kon hê om die Woord van God te versprei.
- ♦ Bid dat die Here **meer studente** na ons Bybelkollege sal stuur.
- ♦ Bid vir **meer werkers** sodat ons meer vir die Here kan doen - in die veld, maar ook diegene met administratiewe en dergelike bekwaamhede.
- ♦ Bid vir **herlewing in die Dorothea-Sending** - dat die Here nie net tot die getalle sal byvoeg nie, maar ook die innerlike krag sal hernu.
- ♦ Bid dat die Here voor ons uit sal gaan in **ons werksaamhede in die jaar wat voorlê** en siele in Sy koninkryk sal inbring.

Bid asseblief ook vir:

1. **Diegene** wat die afgelope jaar deur ons werk **tot bekering gekom het**:
  - ♦ Dat hulle sal vasstaan in hulle nuutgevonde geloof. Veral diegene wat uit ander gelowe en dwaalleringe kom en sterk teenstand moet verduur.
  - ♦ Dat veral diegene wat leiers is in hulle kerke of omgewings, die moed sal hê om openlik standpunt in te neem vir die Here.
2. Dat al ons werkers en studente verkwik sal word tydens hul **welverdiende vakansie** aan die einde van die jaar en vir almal se veiligheid in daardie tyd.
3. **Tennyson Nyirongo** (Zambië) en **Anneliese Kropp** (Namibië) tree af aan die einde van 2013. Bid asseblief vir hulle - veral vir Anneliese wat weer met kanker gediagnoseer is.
4. Vir die **dae van gebed** in die verskillende velde van 16 tot 18 Januarie waarmee ons ons werksaamhede vir 2014 sal begin, D.V.

## ONS KONTAKBESONDERHEDE:

**Direkteur:** Jacques Malan

**Adres:** Posbus 911-024, ROSSLYN 0200, Suid-Afrika

**Telefoon:** 012-560 2002 of 082-8967960      **E-pos:** office@dorothea.org.za

**Webbladsy:** www.dorothea.org.za

**Die Dorothea-Nuus is ook per e-pos beskikbaar.**

Na aanleiding van navrae wat ons van tyd tot tyd ontvang, verstrek ons hiermee die bankbesonderhede van die Dorothea-Sending:

*Dorothea Mission, Standard Bank, Van der Waltstraattak, takkode 010145 en rekeningnommer 011030801.*